(Soos hersien Mei 2009)

Visie en Missie van die Taalsentrum

Agtergrond

Ons visie- en missiestellings artikuleer met die visie en missie van die Universiteit en dié van Akademiese Steun, en met al die relevante beleidsdokumente van die betrokke omgewings.

Visie

Ons visie is om die wydste moontlike versameling akademiese en ondersteunings-dienste op die terrein van die ontwikkeling van taal- en kommunikasievaardighede aan te bied. Om hierdie visie te realiseer, sal ons altyd strewe na uitnemendheid binne ’n konteks van professionaliteit, verantwoordbaarheid en student- en kliëntgesentreerdheid.

Missie

Ten einde ons visie te realiseer, is dit die missie van die Taalsentrum om binne die volgende spesifieke areas sy aktiwiteite te fokus:

Leer en onderrig – die aanbieding van kursusse en lewering van dienste met betrekking tot:

- Akademiese geletterdheid
- Professionele en besigheidskommunikasie
- Taalontwikkeling en taalverwerwing
- Taaltoetsing
- Een-tot-een skryfkonsultasies
- Lees- en skryfondersteuning
- Gefokusde opleiding vir tutors, konsultante, kontrakteurs, ens.

Navorsing – navorsing in die verskillende vakkundige velde binne die Taalsentrum in terme van:

- Tradisionele navorsing (gepubliseerde artikels en ander vakkundige werke, referate, meesters- en doktorale studies)
- Kontraknavorsing (navorsing vir kommersiële entiteite)
- Aksienavorsing (om prosesse en produkte te verbeter)

Kommersialisering – die lewering van hoë-kwaliteit kommersiële dienste aan die buitemark met betrekking tot:

- Die aanbieding van kort kursusse en werkswinkels
- Die lewering van vertaal-, redigeer- en tolkdienste
- Die lewering van konsultasie- en adviesdienste

Bevordering van meertaligheid – die bevordering van Afrikaans, Engels en isiXhosa onder verskillende teikengroepe, te wete personeel, plaaslike en internasionale studente, en buitekliënte met betrekking tot:

- Die bevordering en ontwikkeling van die betrokke taal as akademiese taal
- Die ontwikkeling van algemene taalvaardighede in die betrokke taal

Gemeenskapsinteraksie – die benutting van die kundigheidsterreine van die Taalsentrum tot voordeel van die gemeenskap deur middel van:

- Werkswinkels
- Spesifieke projekte

Waardes en beginsels wat die aktiwiteite van die Taalsentrum rig

Ten einde ons visie en missie te realiseer, word ons aktiwiteite deur die volgende waardes en beginsels gerig.

Ons verstaan in die eerste plek dat die Taalsentrum ’n sentrum van die Universiteit Stellenbosch is wat binne die Akademiese Steun omgewing gesitueer is. Ons leef daarom ons eie visie en missie binne die konteks van die visie, missie, waardes en beginsels van hierdie entiteite uit.

Ons besef ook dat die Taalsentrum se visie en missie uitgeleef word binne die konteks van die vyf eenhede en hulle spesifieke werksaamhede. Die eenhede vorm ’n wedersyds-ingeligte en daarom ondersteunende en inklusiewe geheel. Ons werk dus almal saam om ’n omgewing te skep waar daar ’n eenheid in die veelheid van aktiwiteite gevestig word deur doeltreffende bestuur en kommunikasie.

In die Taalsentrum is ons ten slotte toegewyd aan ons taak en die omgewing waarbinne ons funksioneer, deur medeverantwoordelikheid te neem vir die volgende waardes:

- onderlinge *respek, vertroue en waardering* vir mekaar en die werk wat elkeen doen tot voordeel van die Taalsentrum
- *begrip* vir en *verdraagsaamheid* teenoor mekaar
- *lojaliteit* teenoor die Sentrum en die personeel van die Sentrum
- *integriteit* en *eerlikheid*, ondersteun deur ’n kultuur van *deursigtigheid*
- die aanvaarding van en waardering vir die *diversiteit* van idees, kulture en kundighede
- die besondere gees van *samehorigheid en onderlinge ondersteuning* wat nodig is om in ’n uiters uitdagende konteks effektief te funksioneer

- die skep van ’n wetenskaplike, administratiewe en bestuurlike onderbou wat gekombineer word met die *toewyding en aanpasbaarheid* wat nodig is om in ’n dinamies veranderende konteks effektief te funksioneer
- *diensbaarheid en professionaliteit* teenoor kollegas, studente en kliënte ten einde die hoogste vlak van bemagtiging van hierdie kollegas, studente en kliënte te verseker